DRAKENSTEIN
MUNISIPALITEIT • MUNICIPALITY • UMASIPALA
Paarl | Wellington | Gouda | Saron | Simondium

# DRAKENSTEIN MUNISIPALITEIT 2020/2021 BESTUURSLISENSIE PROGRAM

Drakenstein Munisipaliteit nooi landelike jeuglede met Kode 10 leerlinglisensies wat na 31 Desember 2020 verval, om deel te word van bostaande program. Die program maak voorsiening vir betaling van Kode 10 bestuurslesse, afsprake vir bestuurslisensietoetse, ID foto's, vervoer op dag van bestuurslisensietoets en die uitreik van 'n bestuurderslisensie, indien suksesvol. Hierdie inisiatief word geloods om werkskepping onder ons landelike jeug deur vaardigheidsontwikkeling te bevorder.

**As jy:**

- Tussen 18jr en 35jr is
- Permanent woonagtig is in die landelike gedeeltes van wyke 1, 3 ,17 ,18 ,25 ,28 ,29 ,30 &31 in Drakenstein
- In besit is van 'n Kode 10 leerlinglisensie wat **na** 31 Desember 2020 verval

**Dien asb jou aansoek in met die volgende dokumente aangeheg:**

- Gesertifiseerde afskrif van jou ID;
- Gesertifiseerde afskrif van jou leerlinglisensie en
- Bewys van adres (brief van plaaseienaar of Wyksraadslid, behoorlik geteken)

Aansoekvorms is beskikbaar op die webtuiste van Drakenstein Munisipaliteit sowel as van Raadslede van vermelde wyke.

**Stuur asb voltooide aansoekvorms, met dokumente aan:**


Me. Inge Frolicks

5de Vloer Nedbankgebou

Breda Street 1

Paarl

**Navrae: (021) 870 6492**

Of stuur epos aan: Inge.Frolicks@drakenstein.gov.za


**Sluitingsdatum :**24 Julie 2020

**LW. Geen laat of onvolledige aansoeke sal oorweeg word nie.**